US staan op drie bene!

- Prof Julian Smith, Viserektor: Bedryf

Tradisioneel verkondig baie universiteite dat hulle op drie bene staan: onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens, maar dis 'n feit dat gemeenskapsdiens (of soos dit nou aan die US bekend staan, gemeenskapsinteraksie of rolspeling) vir baie instellings nie veel meer was as die geld wat studente tydens Jool ingesamel het nie.

Die US het oor die afgelope paar jaar ernstig werk gemaak daarvan om dié prentjie drasties te verander. Die resultaat hiervan is die nuwe Gemeenskapsinteraksiebeleid en –plan wat pas goedgekeur is en 'n opwindende nuwe tydvak inlui.

Daarmee bevestig die US dat gemeenskapsinteraksie van strategiese belang is. Dit is ook nie slegs bykomend tot onderrig en navorsing nie, maar moet akademies gefundeerd wees. Dit beteken dat in soveel as moontlik kursusse interaksie met die gemeenskap deel van die kurrikulum moet wees.
Dienooreenkomstig word departemente se strategiese waarde vir die US ook gemeet in terme van hul gemeenskapsinteraksie-aktiwiteite.

Die akademiese fundering van gemeenskapsinteraksie beteken ook dat ondersteuning gegee word aan die rolspelingsdoelwit van die US se Visie 2012. Hiervolgens is rolspeling een van die strategiese visiepunte van die US. Die US is dus nie net betrokke by die gemeenskap nie, maar sien homself as 'n effektiewe rolspeler. Ons wil met ander woorde nie net hier en daar 'n handjie bysit nie – ons wil op 'n volhoubare en veral akademies gefundeerde wyse 'n verskil maak!

Met hierdie nuwe inisiatief sê die Universiteit glad nie dat bestaande aktiwiteite gebrekkig is nie! Daar is om die waarheid te sê 'n verskeidenheid van bestaande programme, projekte en inisiatiewe waarmee die US spog - die meeste hiervan uit akademiese omgewings wat 'n bewys is dat rolspeling nie net 'n gawe ekstra is nie.

Buite-kurrikulêre studentebetrokkenheid (veral deur Matie Gemeenskapsdiens) bly egter ook van beduidende omvang met 'n waardevolle impak en veelseggende verskeidenheid.

'n Onlangse opname m.b.t. gemeenskapsinteraksie weerspieël die volgende US-profiel:

- Al tien fakulteite onderneem gemeenskapsinteraksie aktiwiteite.
- Meer as dertig akademiese departemente is betrokke by een of ander vorm van gemeenskapsinteraksie.
- Herhalende temas van projekte sluit in die stimulering van en opleiding in Wiskunde en Wetenskap, die verskaffing van mediese dienste, die verbetering van landboumetodes en die ontwikkeling van belangstelling in ingenieurswese.
- Die grootste persentasie (ongeveer 80%) van die aktiwiteite vind in die onderwys- en gesondheidsektore plaas.
- Daar is in een jaar ongeveer 'n honderd inisiatiewe, oorwegend van 'n filantopiese aard, vanuit koshuise onderneem.

Dit sluit aksies in soos klere-insameling, hospitaalbesoeke, herwinnings- en opruimingsprojekte, sportafrigting; ens.

Thus interaction between Stellenbosch University and the broader community finds expression in a wide spectrum of activities.

Looking to the future the focus of activities is outlined by the policy and strategy for community interaction, developed in support of national education policy and of the University's Strategic Framework and related Vision 2012.

…gemeenskapsinteraksie van strategiese belang…

This policy is aimed at:

- Structuring and strengthening the University's interaction with the community and managing all forms of interaction in a systematic and coordinated manner within the institution as a core process alongside teaching and research.
- Encouraging civil responsibility in students by exposing them to the realities of society as part of the preparation for their participation in a democratic society.
- Providing guidance to the implementation of community programmes by supporting the development of meaningful relationships and partnerships with individuals, communities and institutions.

The University accepts a new paradigm for community interaction in which teaching, research and community interaction are better integrated and culminate in a multidisciplinary approach. The ongoing restructuring of academic programmes to include community interaction and community-based research is therefore encouraged and reinforced. In this regard "service learning" is deemed to be a key concept.

The University supports the inclusion of community interaction in the performance appraisal of its personnel, and the introduction of incentives for members of staff who actively contribute towards strengthening the University's role-playing in the community and the successful implementation of the University's community interaction policy and strategy.

Talle alumni van die Universiteit het oor baie dekades ongetwyfeld 'n groot bydrae tot die uitbreiding van die sosiale verantwoordelikheidsrol gespeel.

The code of ethics for community interaction is envisaged on the ethical values of the various professions and their practitioners participating in the interaction. In view of the value system of the University, such a code of conduct for community activities is regarded as an important part of the community interaction plan. Similarly, quality assurance has also been defined as an element of importance.

Talle alumni van die Universiteit van Stellenbosch het oor baie dekades ongetwyfeld 'n groot bydrae tot die uitbreiding van die sosiale verantwoordelikheidsrol gespeel. Met die implementering van die nuwe gemeenskapsinteraksieplan wil ons glo dat daar ook 'n rol vir alumni is wat ons bewus kan maak van geleenthede tot rolspeling in die breë samelewing. Sinvolle en wedersyds voordelig vennootskappe met die Universiteit kan beslis ook oorweeg word – sy dit akademies gefundeer is; filantropies geïnspireer is, industrie gedrewe is; of met sport of kulturele aktiwiteite te make het. Die moontlikhede is legio en die uitdaging om die projekte en inisiatiewe sinvol en volhoubaar binne die gemeenskapsinteraksieraamwerk te bestuur.

While many may be fondly romanticising the past, it is incumbent on all of us, including the alumni, to idealise a future in which Stellenbosch University is a significant role-player in building a prosperous democracy, drawing on a foundation of academic exellence and vision of social relevance.